OFFICIAL GAZETTE

of South West Africa.

Published by Authority.

OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegee op gesag.

1/- Monday, 2nd December, 1940. WINDHOEK Maandag, 2 Desember 1940. No. 872

CONTENTS.

Page.

Proclamation —

No. 36. Fencing Costs Proclamation No. 55 of 1939: Amendment of 3024

Government Notices —

No. 1777 (Union). Objectionable Literature, List No. 8 3024
No. 1782 (Union). Emergency Finance Regulations: Amendment of 3025
No. 1783 (Union). Emergency Finance Regulations: Restriction on Receiving of payments in Union Currency for Exports . . . 3027
No. 1789 (Union). Emergency Finance Regulations: Exemption of Securities, etc. . . . 3027
No. 1803 (Union). National Emergency Regulations: Control of Exports . . . 3029
No. 1804 (Union). National Emergency Regulations: Control of Imports, (Aluminium) . 3030
No. 1806 (Union). National Emergency Regulations: Control of Exports . . . 3030
No. 165. Motor Vehicle Authorities: Appointment and cancellation of appointment as . . 3033
No. 166. Windhoek Location Regulations: Amendment of 3034
No. 167. Motor Vehicle Authority: Appointment and cancellation of appointment as . . 3034
No. 168. Examining Officers: Appointment as . . 3034
No. 169. Reserve Board: Krantzplaats Native Reserve: Appointment of member . . 3035
No. 170. Amendment of Scab Regulations . . 3035
No. 171. Appointment of Registering Officer: Proclaimed area of Outjo . . . 3035

General Notices —

No. 74. List of Farms under Quarantine as at 11th November, 1940 3035
No. 75. Revision of Voters Roll: Electoral Division of Okahandja . . 3036
No. 76. Revision Court: Electoral Division of Stampriet 3036
No. 77. Revision Court: Electoral Division of Gibeon 3037
No. 78. Notice by Inspector of Mines anent Iceland or Optial Spar 3037
No. 79. Company struck off Register . . . 3037
No. 80. Revision Court: Electoral Divisions of Windhoek Central and Windhoek District 3037

Advertisements —

Estate Notices, etc., etc. 3038

INHOUD.

Bladsy.

Proklamasie —

No. 36. Omheiningskoste Proklamasie No. 55 van 1939: Wysiging van 3024

Goewermentskennisgewings —

No. 1777 (Unie). Aanstootlike Literatuur: Lys No. 8 3024
No. 1782 (Unie). Buitengewone Finansie Regulasies: Wysiging van 3025
No. 1783 (Unie). Buitengewone Finansie Regulasies: Beperkings op betalings in Uniegeld vir uitvoere 3027
No. 1789 (Unie). Buitengewone Finansie Regulasies: Vrystelling van geldwaardige papiere 3027
No. 1803 (Unie). Landsnoodtoestandregulasies: Beheer van Uitvoer 3029
No. 1804 (Unie). Landsnoodtoestandregulasies: Beheer van Invoer, (Aluminium) . . 3030
No. 1806 (Unie). Landsnoodtoestandregulasies: Beheer van Uitvoer 3030
No. 165. Motorvoertuig Outoriteite: Aanstelling as en Herroeping van aanstelling as . . 3033
No. 166. Windhoek Lokasie Regulasies: Wysiging van 3034
No. 167. Motorvoertuig Outoriteit: Aanstelling as en Herroeping van aanstelling as . . 3034
No. 168. Ondersoeksbeamptes: Aanstelling as . 3034
No. 169. Reserweraad: Naturellereserwe Krantzplaats: Aanstelling van Lid . . . 3035
No. 170. Wysiging van Brandsiekte Regulasies . 3035
No. 171. Aanstelling van Registrasie Amptenaar: Geproklameerde gebied van Outjo . . 3035

Algemene Kennisgewings —

No. 74. Lys van Plase onder Kwarantyn op 11 November 1940 3035
No. 75. Hersiening van Kieserslys: Kiesafdeling Okahandja 3036
No. 75. Hersieningshof: Kiesafdeling Stampriet . 3036
No. 77. Hersieningshof: Kiesafdeling Gibeon . 3037
No. 78. Kennisgewing van Myninspekteur met betrekking tot "Iceland" of ""Optical Spar" 3037
No. 79. Maatskappy van die Register geskrap . 3037
No. 80. Hersieningshof: Kiesafdelings Windhoek Sentraal en Windhoek Distrik . . . 3037

Advertensies —

Boedelkennisgewings, ens., ens. 3038

PROCLAMATION

BY HIS HONOUR DAVID GIDEON CONRADIE, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 36 of 1940.]

WHEREAS it is desirable to amend the law temporarily suspending in certain cases the right of owners of holdings to compel owners of adjoining holdings to contribute towards the cost of fences separating the former from the latter holdings;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. Section *two* of the Contribution towards Fencing Costs (Suspendion) Proclamation, 1939 (Proclamation No. 55 of 1939) is hereby amended,

(1) by the deletion of the words "before the first day of December, 1940", occurring therein and the substitution therefor of the words

"until the war in which the Union of South Africa is at present engaged has come to a conclusion, and a further period of six months has elapsed thereafter".;

(2) by the insertion of the following words after the words "first day of December, 1940", occurring therein:—

"and the amount of such contribution shall be based upon the value of the said dividing fence as at or about the said date. If the parties cannot agree as to the said value, the matter shall be determined as a dispute in accordance with the provisions of the second schedule to the principal law".

2. This Proclamation shall be called the Contribution towards Fencing Costs (Suspension) Amendment Proclamation, 1940, and shall be deemed to have been in force as from the third day of November, 1939.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 15th day of November, 1940.

D. G. CONRADIE,
Administrator.

PROKLAMASIE

VAN SY EDELE DAVID GIDEON CONRADIE, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 36 van 1940.]

NADEMAAL dit wenslik is om die wet wat die regte van eienaars van besittings om eienaars van aangrensende besittings te dwing om by te dra tot die koste van omheinings wat eersgenoemde van laasgenoemde besittings skei in sekere gevalle tydelik op te skort, te wysig;

SO IS DIT dat ek, op grond van en kragtens die bevoegdhede my verleen, hiermee proklameer, verklaar en as volg bekendmaak:—

1. Artikel *twee* van die Proklamasie betreffende die Opskorting van Bydraes tot Omheiningskoste 1939 (Proklamasie No. 55 van 1939) word hiermee gewysig:

(1) deur die woorde „voor die eerste dag van Desember 1940" wat daarin voorkom te skrap en hulle te vervang deur die woorde

„totdat die oorlog waarin die Unie van Suid-Afrika teenswoordig betrokke is, beëindig is, en 'n verdere tydperk van ses maande daarna verstryk het".;

(2) deur die volgende woorde na die woorde „afdwingbaar nie" wat daarin voorkom, in te voeg:—

„en die bedrag van sodanige bydrae word gebaseer op die waarde van bedoelde tussenheining soos op of omtrent bedoelde datum. Indien die partye omtrent bedoelde waarde nie ooreen kan stem nie, word die aangeleentheid as 'n geskil beslis in ooreenstemming met die bepalings van die Tweede Bylae van die hoofwet."

2. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie betreffende die Opskorting van Bydraes tot Omheiningskoste 1940 en word geag in werking te gewees het vanaf die derde dag van November 1939.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Uitgevaardig onder my hand en seël te Windhoek op hede die 15de dag van November 1940.

D. G. CONRADIE,
Administrateur.

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

D. D. FORSYTH,
Secretary for South West Africa,

Administrator's Office,
Windhoek,

No. 1777 (Union).] [29th October, 1940.

CUSTOMS TARIFF AMENDMENT ACT, 1939.

OBJECTONABLE LITERATURE LIST No. 8.

In terms of section *twenty-three* of the Customs Management Act, 1913 (No. 9 of 1913), as amended by section *six* of the Customs Tariff Amendment Act, 1934 (No. 40 of 1934), and section *one* of the Customs Tariff Amendment Act, 1939 (No. 39 of 1939), I, HARRY GORDON LAWRENCE, Minister of the Interior, declare the following publications to be indecent, obscene or objectionable:—

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

D. D. FORSYTH,
Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

Administrateurskantoor,
Windhoek,

No. 1777 (Unie).] [29 Oktober 1940.

WYSIGINGSWET OP DOEANETARIEWE, 1939.

AANSTOOTLIKE LITERATUUR, LYS No. 8.

Kragtens artikel *drie-en-twintig* van die „Wet op het Beheer van de Doeane, 1913" (No. 9 van 1913), soos gewysig by artikel *ses* van die Doeanetarief Wysigingswet, 1934 (No. 40 van 1934), en artikel *een* van die Wysigingswet op Doeanetariewe, 1939 (No. 39 van 1939), verklaar ek, HARRY GORDON LAWRENCE, Minister van Binnelandse Sake, dat onderstaande publikasies onwelvoeglik, sedeloos of aanstootlik is:—

All Western (English Edition).

West (English Edition).

In terms of section *twenty-three* of the Customs Management Act, 1913, as amended, all issues of the said publications are therefore prohibited from importation into the Union. and any person who sells, offers or keeps for sale, or distributes or exhibits any issue of any of the above-mentioned publications shall, in terms of section *twenty-five* of the said Act, as amended, be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty pounds or to imprisonment without the option of a fine for a period not exceeding three months or to both such fine and imprisonment.

H. G. LAWRENCE,
Minister of the Interior.

26th October, 1940.

All Western (Britse uitgawe).

West (Britse uitgawe).

Kragtens artikel *drie-en-twintig* van die „Wet op het Beheer van de Doeane, 1913", soos gewysig, mag geen uitgawe van vermelde publikasies derhalwe in die Unie ingevoer word nie, en iedereen wat enige uitgawe van enige van bovermelde publikasies verkoop, te koop aanbied of vir verkoop hou, of versprei of vertoon, is kragtens artikel *vyf-en-twintig* van genoemde Wet, skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond of met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete vir 'n tydperk van hoogstens drie maande, of met sodanige boete sowel as met sodanige gevangenisstraf.

H. G. LAWRENCE,
Minister van Binnelandse Sake.

26 Oktober 1940.

No. 1782 (Union).] [8th November, 1940.

EMERGENCY FINANCE REGULATIONS.—AMENDMENT OF.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General, under the powers conferred upon him by section *nine* of the Currency and Exchanges Act, 1933, has made the following amendments to the Emergency Finance Regulations made by him under the said section and published under Government Notice No. 1386, dated the 9th day of September, 1939, which regulations were amended as set forth in Government Notice No. 1426, dated the 16th day of September, 1939, Government Notice No. 1562, dated the 11th day of October, 1939, Government Notice No. 843, dated 29th May, 1940, Government Notice No. 1113, dated the 10th July, 1940, Government Notice No. 1368, dated 23rd August, 1940, and Government Notice No. 1422, dated 30th August, 1940:—

1. Paragraph (b) of Regulation 3 (1) is hereby amended by—

(a) the insertion after the word "contingent" of the words "on the part of such person or any other person";

(b) the deletion of sub-paragraphs (i) and (ii) and the substitution therefor of the following new sub-paragraphs—

(i) for the receiving by such person or any other person of a payment or the acquisition by such person or any other person of property, outside the Union; or

(ii) for a right (whether actual or contingent) on the part of such person or any other person to receive a payment or acquire property outside the Union.

2. Paragraph (4) of Regulation 3 is hereby amended by the insertion after the word "consigned" of the words "or letters or parcels sent".

3. The following regulations are hereby inserted after Regulation 3:—

Power to prescribe currencies in respect of Certain Transactions.

3 *bis*. The Treasury may from time to time prescribe the currency or currencies in which payment may or may not be made in connection with imports or exports or other transactions involving payments between persons in the Union and persons outside the Union, and no person shall, except with permission of the Treasury or a person authorized by the Treasury, make or receive payment otherwise than in the currency or currencies so prescribed.

Restriction on Export of Capital.

3 *ter*. (1) No person shall, except with permission granted by the Treasury or by any person authorized by the Treasury—

(a) export from the Union during any calendar year commencing upon the first day of November a total quantity of goods which exceeds ten pounds in value, if—

(i) no payment for such goods has been or is to be received in the Union from a person outside the Union; or

(ii) such goods are exported at a price which is less than the value thereof; or

No. 1782 (Unie).] [8 November 1940

BUITENGEWONE FINANSIE-REGULASIES.—WYSIGING VAN.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *nege* van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, 1933, die volgende wysigings aangebring het in die Buitengewone Finansie-regulasies wat deur hom kragtens genoemde artikel gemaak is en by Goewermentskennisgewing No. 1386 van 9 September 1939 afgekondig is, en wat by Goewermentskennisgewing No. 1426 van 16 September 1939, Goewermentskennisgewing No. 1562 van 11 Oktober 1939, Goewermentskennisgewing No. 843 van 29 Mei 1940, Goewermentskennisgewing No. 1113 van 10 Julie 1940, Goewermentskennisgewing No. 1368 van 23 Augustus 1940 en Goewermentskennisgewing No. 1422 van 30 Augustus 1940 gewysig is:—

1. Paragraaf (b) van regulasie 3 (1) word hierby gewysig deur—

(a) na die woord „voorwaardelik" die woorde „van so 'n persoon of enige ander persoon" in te voeg;

(b) die skrapping van subparagrawe (i) en (ii) en die vervanging daarvan deur die volgende nuwe subparagrawe:—

(i) vir die ontvangs deur so 'n persoon of enige ander persoon van 'n betaling of die verkryging deur so 'n persoon of enige ander persoon van goed buite die Unie; of

(ii) vir 'n reg (hetsy wesenlik of voorwaardelik) van so 'n persoon of enige ander persoon om buite die Unie 'n betaling te ontvang of goed te verkry.

2. Paragraaf 4 van regulasie 3 word hierby gewysig deur in die tweede reël na die woord „goedere", die woorde „briewe of pakkette" in te voeg.

3. Die volgende regulasies word hierby na regulasie 3 ingevoeg:—

Bevoegdheid om geldmiddels ten opsigte van sekere transaksies voor te skryf.

3 *bis*. Die Tesourie kan van tyd tot tyd die geldmiddel of geldmiddels voorskryf waarin betaling mag of nie mag geskied nie in verband met invoere of uitvoere of ander transaksies waarby betalings tussen persone in die Unie en persone buite die Unie betrokke is, en sonder vergunning van die Tesourie of van 'n persoon deur die Tesourie daartoe gemagtig mag niemang 'n betaling doen of ontvang in 'n ander geldmiddel of ander geldmiddels as dié wat aldus voorgeskryf is nie.

Beperking op uitvoer van kapitaal.

3 *ter*. (1) Sonder vergunning deur die Tesourie toegestaan of deur enige persoon deur die Tesourie daartoe gemagtig, mag niemand—

(a) gedurende enige kalenderjaar wat op een November begin 'n totale hoeveelheid goedere waarvan die waarde meer as tien pond is, uit die Unie uitvoer nie, as

(i) geen betaling vir sodanige goedere in die Unie ontvang is of ontvang sal word van 'n persoon buite die Unie; of as

(ii) sodanige goedere teen 'n prys wat minder is as die waarde daarvan, uitgevoer word nie; of as

(iii) the period within which payment for such goods is to be made exceeds six months from the date of shipment from the Union or such shorter period as an authorized dealer may determine in respect of such goods;

(b) take out of the Union goods, including personal apparel and household effects, which have a value in excess of three hundred pounds;

(c) enter into any other transaction whereby capital is directly or indirectly exported from the Union.

(2) The provisions of sub-paragraphs (a) and (b) of paragraph (1) of this regulation shall not apply to goods exported from or taken out of the Union, to the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, Southern Rhodesia, Northern Rhodesia, Basutoland, Bechuanaland Protectorate and Swaziland.

(3) The provisions of paragraphs (3), (4) and (4) *bis* of regulation 3 shall apply *mutatis mutandis* to goods referred to in paragraph (1) (b) of this regulation.

(4) For the purposes of this regulation "value" shall mean the value for customs purposes as defined in section *forty-one* of Act No. 36 of 1925.

4. The following paragraph is hereby inserted after paragraph (3) of Regulation 5:—

(3) *bis*. The Treasury may withdraw any exemption granted in terms of sub-paragraph (c) of paragraph (3) of this regulation.

5. Paragraph (4) of Regulation 5 is, with effect as from the fifteenth day of November, 1940, hereby deleted and the following paragraph substituted therefor:—

(4) (a) No person shall, during the period commencing upon the fifteenth day of November, 1940, and ending upon the thirty-first day of October, 1941, or thereafter during any calendar year commencing upon the first day of November, export from the Union to any country other than the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, Northern Rhodesia, Southern Rhodesia, Basutoland, Bechuanaland Protectorate and Swaziland, a total quantity of goods which exceed ten pounds in value unless the relative bill of entry export in respect of such goods is accompanied by a declaration in the form of the Annexure hereto, duly completed and signed by the consignor or a person duly authorized by him and attested by an authorized dealer: provided that where the goods are forwarded through the post a declaration in the said form so completed, signed and attested, shall be furnished to the postmaster at the time the parcel is handed in at the post office.

(b) For the purposes of this paragraph "value' shall mean the value for customs purposes as defined in section *forty-one* of Act No. 36 of 1925.

6. Paragraph (3) of Regulation 5 *bis* is hereby amended by the deletion of the words "any securities on behalf of" and the substitution therefor of the words "possess or have in their custody any securities the ownership of which vests in".

7. The following regulations are hereby inserted after Regulation 7:—

Provision of Security.

7 *bis*. The Treasury may order any person to provide security in such form and in such an amount as the Treasury may determine, that he will comply, either generally or in respect of any particular transaction, with the provisions of any of these regulations specified by the Treasury.

Furnishing of Information.

7 *ter*. (1) The Treasury, or any person authorized by the Treasury, may order any person to furnish any information at such person's disposal which the Treasury or such authorized person deems necessary for the purpose of securing compliance with any of the provisions of these regulations and any person generally or specifically appointed by the Treasury for the purpose may enter the premises of a person so ordered and may inspect any books or documents belonging to, or under the control of such person.

(iii) die tydperk waarin betaling vir sodanige goedere moet geskied ses maande oorskry gereken vanaf die datum van verskeping uit die Unie, of sodanige korter tydperk as wat 'n gemagtigde handelaar mag bepaal ten opsigte van sodanige goedere;

(b) goedere met inbegrip van persoonlike kleding en huisraad, wat 'n waarde van meer as drie honderd pond het uit die Unie uitneem nie;

(c) enige ander transaksie aangaan waarby kapitaal regstreeks of onregstreeks uit die Unie uitgevoer word nie.

(2) Die bepalings van subparagrawe (a) en (b) van paragraaf (1) van hierdie regulasie is nie van toepassing op goedere wat uit die Unie na die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland, Suid-Rhodesië, Noord-Rhodesië, Basoetoland, Betsjoeanaland-protektoraat en Swaziland uitgevoer of geneem word nie.

(3) Die bepalings van paragrawe (3), (4) en 4 *bis* van regulasie 3 is *mutatis mutandis* van toepassing op goedere waarna in paragraaf (1) (b) van hierdie regulasie verwys word.

(4) Vir die doeleindes van hierdie regulasie beteken „waarde" die waarde vir doeanedoeleindes soos in artikel *een-en-veertig* van Wet No. 36 van 1925 omskrywe.

4. Die volgende paragraaf word hierby na paragraaf 3 van regulasie 5 ingevoeg:—

(3) *bis*. Die Tesourie kan enige vrystelling wat ingevolge subparagraaf (c) van paragraaf (3) van hierdie regulasie verleen is, terugtrek.

5. Paragraaf 4 van regulasie 5 word, met ingang van vyftien November 1940, hierby geskrap en deur die volgende nuwe paragraaf vervang:—

4. (a) Niemand mag, gedurende die tydperk wat op vyftien November 1940 begin en op een-en-dertig Oktober 1941 eindig, of daarna gedurende enige kalenderjaar wat op een November begin, uit die Unie na enige ander land as die verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland, Noord-Rhodesië, Suid-Rhodesië, Basoetoland, Betsjoeanaland-protektoraat en Swaziland 'n totale hoeveelheid goedere, waarvan die waarde meer as tien pond is, uitvoer nie tensy die betrokke inklaringsbrief-uitvoer ten opsigte van sodanige goedere vergesel gaan van 'n verklaring, in 'n vorm ooreenkomstig die aanhangsel hiervan, wat deur die versender of 'n deur hom behoorlik gemagtigde persoon behoorlik ingevul en onderteken is en deur 'n gemagtigde handelaar geattesteer is: met dien verstande dat, as die goedere deur die pos gestuur word, 'n verklaring in genoemde vorm aldus ingevul, onderteken en geattesteer, ten tyde van die inhandiging van die pakket by die poskantoor aan die posmeester verstrek moet word.

(b) Vir die doeleindes van hierdie paragraaf beteken „waarde" die waarde vir doeanedoeleindes soos in artikel *een-en-veertig* van Wet No. 36 van 1925, omskrywe.

6. Paragraaf (3) van regulasie 5 *bis* word hierby gewysig deur die skrapping van die woorde „ten behoewe van" en die vervanging daarvan deur die woorde „besit of in bewaring het, die eiendomsreg waarvan berus by".

7. Die volgende regulasies word hierby na regulasie 7 ingevoeg:—

Verskaffing van sekuriteit.

7 *bis*. Die Tesourie kan enige persoon beveel om sekuriteit in so 'n vorm en tot so 'n bedrag as wat die Tesourie mag bepaal, te verskaf dat hy, hetsy in die algemeen of ten opsigte van enige besondere transaksie, aan die bepalings van enige van hierdie regulasies, deur die Tesourie gespesifiseer, sal voldoen.

Verstrekking van inligting.

7 *ter*. (1) Die Tesourie of enige persoon deur die Tesourie gemagtig kan enige persoon beveel om enige inligting te verstrek wat tot so 'n persoon se beskikking is en dat die Tesourie of sodanige gemagtigde persoon nodig beskou ten einde te verseker dat aan enige van die bepalings van hierdie regulasies voldoen word, en enige persoon wat deur die Tesourie in die algemeen of spesiaal vir die doel aangestel is mag die perseel van 'n persoon aldus beveel betree en mag enige boeke of dokumente wat aan sodanige persoon behoort of wat onder die beheer van sodanige persoon is, ondersoek.

(2) No person shall make any false statement in any information furnished in compliance with such an order or hinder any person so appointed in the exercise of his powers.

8. Regulation 10 is hereby amended by substituting for the words "five hundred" the words "five thousand" and for the words "two years" the words "five years".

No. 1783 (Union).] [8th November, 1940.

EMERGENCY FINANCE REGULATIONS.

RESTRICTION ON RECEIVING OF PAYMENTS IN UNION CURRENCY FOR EXPORTS.

In terms of the powers vested in the Treasury by Regulation 3 *bis* of the Emergency Finance Regulations, it is hereby notified for general information that no person may, except with the permission of a bank authorized under the said regulations to deal in foreign exchange, receive payment in Union currency in respect of goods or other property exported by him from the Union to any country other than the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, Southern Rhodesia, Northern Rhodesia, Basutoland, Bechuanaland Protectorate and Swaziland.

No. 1789 (Union).] [8th November, 1940.

EMERGENCY FINANCE REGULATIONS.

1. Government Notices Nos. 1114, dated 10th July, 1940, and 1248, dated 30th July, 1940, are hereby withdrawn.

Exemption of Securities owned by persons resident in certain countries from the provisions of Regulation 5 bis (1) of the Emergency Finance Regulations.

2. In terms of paragraph (2) of Regulation 5 *bis* of the Emergency Finance Regulations published under Government Notice No. 1386, dated 9th September, 1939, as amended by Government Notices No. 1426, dated 16th September, 1939, No. 1562, dated 11th October, 1939, No. 843, dated 29th May, 1940, No. 1113, dated 10th July, 1940, No. 1368, dated 23rd August, 1940, No. 1422, dated 30th August, 1940, and No. 1782, dated 8th November, 1940, securities the ownership of which vests, in persons permanently resident in the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, Southern Rhodesia, Northern Rhodesia, Basutoland, Bechuanaland Protectorate and Swaziland and securities in which any such person has an interest are hereby exempted from the provisions of paragraph (1) of the said regulation.

Return of securities held or deposited in the Union which are owned by persons permanently resident in certain countries or in which such persons have an interest.

3. In terms of paragraph (3) of the said regulation every person in the Union who holds, possesses or has in his custody any securities the ownership of which vests in any person temporarily or permanently resident in any territory outside the Union, the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, Southern Rhodesia, Northern Rhodesia, Basutoland, Bechuanaland Protectorate and Swaziland, or any securities in which any such person has an interest is hereby directed to submit to the Secretary for Finance, Pretoria, within thirty days from the date of this notice or within thirty days from the date on which he becomes the holder of such securities or on which such securities come into his possession or are placed in his custody, a return giving the following particulars:—

(a) Full name and residential address of owner or person interested in the security;

(b) nature of interest in security and date on which such interest was acquired;

(c) full name and residential address of person in whose name the security is registered;

(d) name of company, government, municipality or other organization which issued the security;

(e) nature of security (state whether stock or share or debenture and whether bearer or registered);

(f) nominal value;

(g) total number of securities;

(h) certificate and/or serial numbers;

(2) Niemand mag enige valse verklaring maak in enige inligting wat ter voldoening aan so 'n bevel verstrek word nie of enige persoon aldus aangestel in die uitvoer van sy pligte hinder nie.

8. Regulasie 10 word hierby gewysig deur die woorde „vyf honderd" deur die woorde „vyf duisend" en die woorde „twee jaar" deur die woorde „vyf jaar" te vervang.

No. 1783 (Unie).] [8 November 1940.

BUITENGEWONE FINANSIE-REGULASIES.

BEPERKING OP ONTVANGS VAN BETALINGS IN UNIE-GELD VIR UITVOER.

Kragtens die bevoegdheid aan die Tesourie verleen by regulasie 3 *bis* van die Buitengewone Finansie-regulasies, word hierby vir algemene informasie bekendgemaak dat niemand, sonder vergunning van 'n bank wat deur genoemde regulasie gemagtig is om in valuta te handel, betaling in Unie-geld mag ontvang nie ten opsigte van goedere of ander eiendom deur hom uit die Unie uitgevoer na enige ander land as die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland, Suid-Rhodesië, Noord-Rhodesië, Basoetoland, Betsjoeanaland-protektoraat en Swaziland.

No. 1789 (Unie).] [8 November 1940.

BUITENGEWONE FINANSIE-REGULASIES.

1. Goewermentskennisgewings Nos. 1114 van 10 Julie 1940 en 1248 van 30 Julie 1940 word hierby teruggetrek.

Vrystelling van geldwaardige papiere wat aan persone wat in sekere lande woonagtig is behoort, van die bepalings van regulasie 5 bis (1) van die Buitengewone Finansie-regulasies.

2. Ooreenkomstig paragraaf (2) van regulasie 5 *bis* van die Buitengewone Finansie-regulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1386 van 9 September 1939, soos gewysig by Goewermentskennisgewings No. 1426 van 16 September 1939, No. 1562 van 11 Oktober 1939, No. 843 van 29 Mei 1940, No. 1113 van 10 Julie 1940, No. 1368 van 23 Augustus 1940, No. 1422 van 30 Augustus 1940 en No. 1782 van 8 November 1940, word geldwaardige papiere waarvan die eiendomsreg berus by persone wat permanent in die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland, Suid-Rhodesië, Noord-Rhodesië, Basoetoland, Betsjoeana-land-protektoraat en Swaziland woonagtig is, en geldwaardige papiere waarin enige sodanige persoon 'n belang het, hierby vrygestel van die bepalings van paragraaf (1) van genoemde regulasie.

Opgawe van geldwaardige papiere gehou of gedeponeer in die Unie wat aan persone behoort wat permanent in sekere lande woonagtig is of waarin sodanige persone 'n belang het.

3. Ingevolge paragraaf 3 van genoemde regulasie word elke persoon in die Unie wat geldwaardige papiere hou, besit of in sy bewaring het, die eiendomsreg waarvan berus by enige persoon wat tydelik of permanent in enige gebied buite die Unie, die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland, Suid-Rhodesië, Noord-Rhodesië, Basoetoland Betsjoeanaland-protektoraat en Swaziland woonagtig is, of enige geldwaardige papiere waarin enige sodanige persoon 'n belang het, hierby gelas om binne dertig dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing of binne dertig dae vanaf die datum waarop hy die houer van sodanige geldwaardige papiere word of waarop sodanige geldwaardige papiere in sy besit kom of in sy bewaring geplaas word, 'n opgawe wat die volgende besonderhede bevat, aan die Sekretarisvan Finansies, Pretoria, stuur:—

(a) Volle naam en woonadres van eienaar of persoon wat 'n belang in die geldwaardige papier het;

(b) aard van belang in geldwaardige papier en datum waarop sodanige belang verkry is;

(c) volle naam en woonadres van persoon in wie se naam die geldwaardige papier geregistreer is;

(d) naam van maatskappy, regering, munisipaliteit of ander organisasie wat die geldwaardige papier uitgereik het;

(e) aard van geldwaardige papier (meld of dit effekte, aandeel of skuldbrief is en of dit aan toonder of geregistreerd is);

(f) nominale waarde;

(g) totale getal geldwaardige papiere;

(h) sertifikaat- en/of reeksnommers;

(i) full name and residential address of person in possession of the securities or who has the securities in his custody;

(j) signature of holder or person in possession of the securities or person who has the securities in his custody.

Persons in the Union who submitted a return in terms of Government Notice No. 1114 of the 10th July, 1940, in respect of any such securities which they held, possessed or had in their custody before the date of publication of this notice, are not required to submit a further return in terms of this notice in respect of those securities.

Form of Affidavit to be completed by the owner of a bearer security or his authorized agent.

4. The affidavit referred to in paragraph (4) of Regulation 5 *ter* of the said Emergency Finance Regulations and in the said paragraph as applied by sub-paragraph (b) of paragraph (5) of the said regulation shall be submitted in the form of the annexure hereto.

(i) volle naam en woonadres van persoon wat die geldwaardige papiere besit of wat die geldwaardige papiere in sy bewaring het;

(j) handtekening van houer of persoon wat die geldwaardige papiere besit of wat die geldwaardige papiere in sy bewaring het.

Van persone in die Unie wat ooreenkomstig Goewermentskennisgewing No. 1114 van 10 Julie 1940 'n opgawe ingedien het ten opsigte van sodanige geldwaardige papiere wat hulle gehou of besit het of in hul bewaring gehad het voor die datum van publikasie van hierdie kennisgewing word nie vereis om 'n verdere opgawe ingevolge hierdie kennisgewing ten opsigte van daardie geldwaardige papiere, in te dien nie.

Vorm van beëdigde verklaring wat deur die eienaar van 'n geldwaardige papier aan toonder of deur sy gemagtigde agent ingevul moet word.

4. Die beëdigde verklaring waarna in paragraaf 4 van regulasie 5 *ter* van genoemde Buitengewone Finansie-regulasies en in genoemde paragraaf soos toegepas deur subparagraaf (b) van paragraaf (5) van genoemde regulasie verwys word, moet in die vorm van die aanhangsel hiervan ingedien word.

Form B.S. 1.

ANNEXURE.

[To be completed by the owner(s) of a bearer security in terms of paragraphs (4) and (5) (b) of Regulation 5 *ter* of the Emergency Finance Regulations.]

1. (a) Name of Company .....

(b) Nature of security (State whether share or debenture) .....

(c) Nominal value per share or debenture .....

(d) Total number of securities covered by the application .....

(e) Serial numbers as detailed in attached list .....

2. (a) Full name of owner .....

(b) Full residential address .....

.....

3. I/We hereby solemnly declare that I/we acquired the security as specified in paragraph 1 on .....

..... 19..... from .....

(name and address of person from whom acquired) and that—

*(a) all rights flowing from the ownership of the said security have vested in me/us since that date: or

*(b) since that date no person other than those specified hereunder has directly or indirectly owned or had any interest in the said security.

Name(s) and full Residential address(es) of Interested Party(ies).	*Nature of Interest*	*Date on which interest was acquired.*
.....	.....	.....
.....	.....	.....
.....	.....	.....
.....	.....	.....
.....	.....	.....
.....	.....	.....

.....

(Signature of owner.)

Sworn before me at .....on this ..... day of .....

..... 19.....

The deponent has acknowledged that he/she is fully acquainted with and understands the contents of this affidavit.

.....

(Justice of the Peace, Commissioner of Oaths).

---

*Delete whichever is not applicable.

N.B.—This affidavit is exempted from stamp duty.

Vorm B.S. 1.

BYLAE.

[Moet ingevul word deur die eieenaar(s) van 'n geldwaardige papier aan toonder ooreenkomstig paragrawe 4 en 5 (b) van regulasie 5 *ter* van die Buitengewone Finansieregulasies.]

1. (a) Naam van maatskappy .....

(b) Aard van geldwaardige papier (meld of dit 'n aandeel of obligasie is) .....

(c) Nominale waarde per aandeel of obligasie .....

(d) Totale getal geldwaardige papiere wat deur die aansoek gedek word .....

(e) Reeksnommers soos in die aangehegte lys volledig uiteengesit .....

2. (a) Volle naam van eienaar .....

(b) Volledige woonadres .....

3. Ek/Ons verklaar hierby plegtig dat ek/ons die geldwaardige papier soos in besonderhede genoem in paragraaf (1) op .....

(naam en adres van persoon van wie verkry) verkry het en dat—

*(a) alle regte wat uit die eiendomsreg van genoemde geldwaardige papier voortvloei by my/ons vanaf daardie datum berus; of

*(b) na daardie datum niemand behalwe die persone wat hieronder in besonderhede genoem word, genoemde geldwaardige papier direk of indirek besit het of enige belang daarin gehad het nie.

Naam(e) en volledige woonadres(se) van belanghebbende party(e).	*Aard van belang.*	*Datum waarop belang verkry is.*
.....	.....	.....
.....	.....	.....
.....	.....	.....
.....	.....	.....
.....	.....	.....
.....	.....	.....

.....

(Handtekening van eienaar).

Beëdig voor my te .....op hede die ..... dag van .....

..... 19.....

Die verklaarder het erken dat hy/sy ten volle bekend is met die inhoud van hierdie beëdigde verklaring en dit begryp.

.....

(Vrederegter, Kommissaris van Ede).

*Skrap die een wat nie van toepassing is nie.
L.W.—Hierdie beëdigde verklaring is van seëlreg vrygestel.

No. 1803 (Union).] [13th November, 1940.

NATIONAL EMERGENCY REGULATIONS.—CONTROL OF EXPORTS.

Under the powers vested in me by sub-regulation (3) of Regulation 8 *bis* of the National Emergency Regulations, published by Proclamation No. 201 of 1939, as amended by Proclamation No. 334 of 1939, and validated by section *two* of the War Measures Act, 1940 (Act No. 13 of 1940), I, RICHARD STUTTAFORD, Minister of Commerce and Industries, do hereby prohibit any person from exporting, after the publication hereof in the *Gazette*, any of the undermentioned goods from the Union or the Mandated Territory of South West Africa to any country (other than the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, or Eire, or any British Dominion, or Colony, or Possession, or Mandated Territory, and other than a country to which no goods may, in terms of Government Notice No. 1806, be exported without a permit), except under the authority of and subject to the conditions set forth in a permit issued by me or by an officer duly authorised by me to act on my behalf.

Applications for export permits must be addressed to the Secretary for Commerce and Industries, Impala House, Pretoria.

No. 1803 (Unie).] [13 November 1940.

LANDSNOODTOESTANDREGULASIES.—BEHEER VAN UITVOER.

